The Centre for Development Support (CDS), within the Faculty of Economic and Management Sciences was the proud recipient of the gold award in the category of Research and Development of the Free State Premier's Excellence Awards for 2007. CDS received the award, for among others, the updating of the economic database of the Mangaung Local Municipality, for conducting an investor perception survey in the same municipality and for supporting the alignment of the Free State Growth and Development Strategy (FSPGDS) within the national spatial development perspectives. The CDS team is front, from the left: Mr Willem Ellis (executive officer of the International Institute for Development Ethics at the UFS), Prof. Lucius Botes (Director of the CDS), Ms Dorie Olivier (Course co-ordinator: Development Studies Programme); middle: Dr Zacheus Matebesi (Research Associate), Prof. Lochner Marais (Researcher); back: Ms Deidré van Rooyen (Researcher), Mr Molefi Lenka (Researcher), Ms Anita Venter (Researcher), Ms Kholisa Sigenu (Researcher), and Ms Julia Kambule (student assistant).

# Eenheid kyk na Suider-



Dr. Mike Besten met Kotie Maarman en Katrina Morris van Boshof.

**'n** Eenheid vir Khoekhoe- en San-studies is vanjaar by die Universiteit van die Vrystaat gevestig. Dr. Mike Besten, wat aan die Universiteit van Leiden gepromoveer het, en me. Priscilla de Wet, wat haar magister aan die Universiteit van Tromsø, Noorweë verwerf het, is reeds as navorsers by die eenheid aangestel.

Die Khoekhoe en die San is die oorspronklike, eerste inwoners van Suider-Afrika.

Volgens prof. Piet Erasmus van die Departement Antropologie is daar argeologiese en paleontologiese denkritzings wat sterk daarop dui dat hulle die oorsprong van die moderne mens verteenwoordig.

Ironies egter, was dit juis hulle wat oor die eeue heen deur kolonialisme, imperialisme en apartheid gemarginaliseer en gedemineraliseer is, en ontneem is van die waarde wat hulle geheg het aan die betekenis van hulle menswees, kultuur en

# oudste -Afrika-bewoners

identiteit, asook die ruimte wat hulle (emosioneel, psigologies en fisies) gevul het.

Prof. Erasmus sê: "Die 'nuwe' Suid-Afrika het gedurende die 1990's die klimaat geskep vir groepe soos die Khoekhoe en San om hul inheemse identiteit en kulturele en politieke regte terug te begin eis. Alleen kon hulle dit egter nie vermag nie, want eue van miskenning en uitbuiting het enorme kulturele en strukturele leemtes in die Khoekhoe- en San-geledere gelaat."

Die Departement Antropologie aan die UV het die probleem raakgesien en besluit om betrokke te raak by toegepaste navorsing onder Khoekhoe- en San-gemeenskappe. 'n Simposium met internasionale en nasionale akademici en inheemse leiers is aangebied wat op navorsingsbehoeftes gefokus het. Hieruit het verskeie publikasies en referate gespruit. Afgesien van die voorgenoemde navorsing, het die departement ook besluit om die Sekretariaat van die Nasionale Khoisan Oorlegplegende Konferensie te huisves; die Spesiale Rapporteur van die Verenigde Nasies se Kommissie vir Menseregte is gedurende 2005 as gas ontvang; en 'n Eenheid vir Khoekhoe- en San-Studies is gevestig.

Die eenheid poog om deur voortgesette interdissiplinêre navorsing 'n bydrae te lewer om die eiesoortige navorsings- en ontwikkelingsbehoeftes van die Khoekhoe en San aan te spreek. Die kernfokus in hierdie verband is op kulturele kwessies en sluit temas/onderwerpe in soos: optekening van die orale geskiedenis; identifisering van sprekers van KhoeSan-tale; taal- en kultuuroordrag onder voorskoolse kleuters; identiteitsdiskoerse, narriewe, merkers en grense; tradisionele godsdiens, rituele, mites en simbole;

politieke strukture en leierskap; bewaring van kulturele erfenisse en gebruik; inheemse kennisselsels; en grondkwesties.

Daar is heelwat internasionale belangstelling in die navorsing wat onderneem word, veral wat die identifisering van sprekers van KhoeSan-tale betref. Hoewel verskeie twintigste eeuse bronne aantoon dat KhoeSan-tale grootliks in Suid-Afrika uitgesterf het, het dr. Besten se *Khoekhoe and San Culture and Memory Project* in Heidedal by Bloemfontein reeds 'n aantal van hierdie taalsprekers geïdentifiseer. Die moontlikheid word ook ondersoek dat 'n taal/dialek in die Noord-Kaap geïdentifiseer is waarvan die bestaan tot op hede onbekend was aan linguiste. 'n Colloquium met sprekers van KhoeSan-tale, linguiste, Khoekhoe- en San-verteenvoerdigers en regeringslui word in die vooruitsig gestel.

Voorheen is geglo dat die Khoekhoe- en San-kulture en -tradisies net in Botswana en Namibië voortleef en in Suid-Afrika nie meer bestaan nie. Sensusdokumentasie duï egter daarop dat daar in die 1930's meer as 3 000 mense in Suid-Afrika was wat 'n KhoeSan-taal as hul eerste taal of huistaal gepraat het. Hiervan was meer as 700 onder die ouderdom van 7 jaar, terwyl meer as 'n duisend tussen 7 en 20 jaar was. Dit duï daarop dat daar bejaarde mense is met waardevolle historiese, kulturele en linguistiese kennis, wat die eenheid se werk dringend van aard maak.

Dr. Besten sê baie mense is nie bewus van hul Khoekhoe- en San-agtergrond nie en mag selfs daarop neersien. Die boegnoemde projek waarby hy betrokke is, kan bydra tot 'n beter begrip van die uitwerking van die verlede op die hede en ook harmonieuze sosiale verhoudinge mee help.

# 'We need more pragmatism and less ideology'



Prof. Heidi Hudson from the Department of Political Science.

**W**e are committed to full participation as an equal partner... opposed to any efforts which might seek to project South Africa as some kind of superpower on our continent... the people of Africa share a common destiny and must therefore... address their challenges... as a united force..." – Mbeki 1998.

Prof. Heidi Hudson from the Department of Political Science referred to this statement made by then deputy president Thabo Mbeki (at the opening of the Organisation for Africa Unity (OAU) Conference of Ministers of Information in 1995) when she delivered her inaugural lecture on the topic: *South African foreign policy: The politics of Pan-Africanism and pragmatism*.

One of the questions she asked is: "Can the South African state deliver democracy and welfare at home while simultaneously creating a stable, rules-based African community?"

She answers: "South Africa needs to reflect more critically and honestly on the dualism inherent in its ideological assumptions regarding relations with Africa. South Africa will always be expected by some to play a leadership role in Africa. At the moment, South Africa's desire to be liked is hampering its role as leader of the continent."

In her lecture she highlighted the ideological underpinnings and manifestations of South Africa's foreign policy. Throughout she alluded to the risks associated with single-mindedly following an ideologically driven foreign policy. She emphasised that domestic or national interests are the victims in this process.

Prof. Hudson offers three broad options for South Africa to consider:

- The Predator – the selfish bully promoting South African economic interest.

- Mr Nice Guy – the non-hegemonic partner of the African boys club, multilaterally pursuing a pivotal but not dominant role.
- The Hegemon – South Africa driving regional integration according to its values and favouring some African countries over others, and with checks and balances by civil society.

She chooses option three of hegemony. "Politically correct research views hegemony as bad and partnership as good. This is a romanticised notion – the two are not mutually exclusive," she said.

However, she states that there have to be prerequisites to control the exercise of power. "The promotion of a counter-hegemon, such as Nigeria, is necessary. Nigeria has been more effective in some respects than South Africa in establishing its leadership, particularly in West Africa. Also needed is that government should be checked by civil society to avoid it sinking into authoritarianism. The case of business and labour coming to an agreement over the HIV/Aids issue is a positive example which illustrates that government cannot ignore civil society. But much more needs to be done in this regard. South Africa must also be very careful in how it uses its aid and should focus potential aid and development projects more explicitly in terms of promoting political stability," she said.

Prof. Hudson said: "It is also questionable whether Mbeki's Afro-centrism has in fact promoted the interests of ordinary citizens across Africa. Instead, elite interests in some countries have benefited. But ultimately, the single most important cost is the damage done to the moral code and ethical principles on which the South African Constitution and democracy is founded.

"In the end we all lose out. More pragmatism and less ideology in our relations within Africa may just be what are needed," she said.

# Kunsdosent wen in Absa se L'Atelier kompetisie

**M**nr. Jaco Spies, dosent in die Departement Beeldende Kunste, was een van die wenners van vanaar se Absa L'Atelier-kunskompetisie vir kunstenaars onder 35 jaar. Met sy werk, Palimpsest Koppie, het hy een van die merietetoekennings ingepalm.

Dit is die eerste keer dat iemand uit die Vrystaat 'n merieteprys met dié kompetisie wen. Sy werk is in die Absa-kunsgallery in Johannesburg uitgestal en later ook by die Aardklop-kunstefees. "Die blootstelling beteken baie in die kunstewereld," sê hy.

Die oorkoepelende tema van sy werk is grondhervorming – verkryging, verdeling, ens. – en hoe dit metafories met identiteitsbeskouing verband hou. Hy gebruik verskeie kaartelemente, stippellyne en skêre om nie net die verwydering van grense nie, maar ook die toepassing van mensgemaakte voorstellingsysteme op die landskap uit te beeld. Sy werk is in animasieformaat uitgestal om die voortdurende verskuiwing van grense uit te beeld.

Al sy werk is volgens dié spesifieke tema verwant aan mekaar. Hy lewer nie spesifiek kommentaar oor die kwessie van grondhervorming nie, maar vind die onderliggende prosesse van hierdie onderwerp fassinerend. "Baie van hoe mense hul geskiedkundige herkoms en identiteit sien, is in 'n landskap opgesluit," sê hy.

Hy het eers wyer in die tema gewerk. Aanvanklik met geen spesifieke kulturele ondertoon, maar met sy nuutste werk ondersoek hy sy familiegeskiedenis. "Een van my voorouers was 'n generaal in die Boereoorlog wat teen die Basotho's geveg het. As betaling het hy grond wat verower is ('n plaas) gekry. Die grond kon moontlik aan iemand anders behoort het," voeg hy by.



Mnr. Jaco Spies.

In sy werk kyk mnr. Spies objektief na die vraag: "Aan wie behoort die grond nou eintlik. "Ek is gefassineer met die konsep dat mense eienaarskap aan iets gee. Dit is ook die oorspronklike rede vir my tema. Die natuur, wat eintlik niemand s'n is nie, word deur mense gebruik en besit. Mense eien dit toe aan hulleself met sterk politieke implikasies. Dit beïnvloed ook hoe mense met mekaar oor die weg kom," sê hy.

Hy is tans besig om te werk aan 'n uitstalling wat later in die Oliewenhuis-kunsgallery uitgestal sal word. Dié uitstalling sal uit tussen 15 en 20 stukke bestaan waarvan die meeste reeds voltooi is. "Ek het genoeg nuwe werke vir 'n solo-uitstalling," sê hy. Hy beplan ook om te reis met sy uitstalling na galerye in Kaapstad en Johannesburg.

# Koshuislewe moet help om 'n toekoms



**“**Luierskap en vernuwing van denke en praktyke ten opsigte van koshuise is noodsaaklik as die UV wil weg-beweeg van 'n verdeelde kampus-lewe” – prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier.

Sedert die UV-raadsvergadering van 8 Junie 2007, waar nuwe beleidstrylyne vir diversiteit in koshuise aanvaar is, is talle menings oor hierdie uiters belangrike en sensitiewe kwessie gepubliseer.

Vir die UV en die land is sulke debatvoering noodsaaklik en wil ons dit graag aanmoedig. Ek het elke standpunt noukeurig gelees en verstaan die irritasies, die beangstheid en die verwagtinge wat deur die Raadsbesluit geskep is, sowel as deur die verskillende menings wat gepubliseer is.

Dat die bestuur van diversiteit 'n kompleksе aangeleentheid is, word in hierdie debat weerspieël. Ook dat die mense in hierdie land nog worstel met die nalatenskap van 'n ingewikkeldе verlede. Dit word byvoorbeeld weerspieël in menings met terme soos "hulle" en "ons", en veralgemeenings oor (dikwels negatiewe) eienskappe wat aan "hulle" toegedig word. Dit is deel van

# vir jongmense te bou



'n groter ongemaklikheid met mense wat "anders" is. Opponerende standpunte pleit vir verdraagsaamheid en aanvaarding. Ander handel oor vrese van taalverdringing, veral wat Afrikaans betref.

Die vraag is of ons hier in die Vrystaat regtig wil voortgaan – soos tans die geval is – om 'n samelewing te skep waar jongmense en die leiers van mōre in twee parallele wêrelde leef, een wit, een swart, geskei op grond van taal, kultuur en ras – sonder om mekaar se wêrelde, denkwyses, drome, teleurstellings, vreugdes en pyn te verstaan.

Dit is die werklikheid van koshuise op die hoofkampus van die UV. Waar die parallelmediumonderrigbeleid die onbedoelde effek het om studente in grootliks wit Afrikaanse en swart Engelse klasse te verdeel, is die gekombineerde effek erg.

As Rektor is dit uit 'n breë opvoedkundige oogpunt vir my ontstellend as ek met wit finalejaarstudente in koshuise praat en hulle sê vir my dat hulle nog nie gereed is vir 'n rasgemengde omgewing nie, terwyl hulle binne maande in so 'n omgewing sal moet werk. Net so ontstellend is dit wan-neer jong swart leiers geen ervaring het van

vriendskappe en van nou samewerking met wit studente nie.

Dit laat 'n mens wonder of die universiteit nie gefaal het in sy opvoedkundige taak met hierdie studente nie.

Sonder twyfel speel koshuise 'n deurslag-gewende rol in die vorming van inwoners se denke en sosiale opvoeding. Koshuislewe het ook 'n sterk impak op die res van die studentelewe op die kampus. As ons wil weg-beweeg van 'n verdeelde kampuslewe, is leierskap en vernuwing van denke en praktijke ten opsigte van koshuise noodsaaklik.

Oor die afgelope tien tot vyftien jaar het die UV sy leierskap in Suid-Afrikaanse hoër onderwys getoon deur verskeie inisiatiewe, soos byvoorbeeld die akademiese en navorsingsvernouwing, die tydige instelling van 'n parallelmedium-taalbeleid, ons samelewendisensleerbeleid en beslis ook deur die aanstelling van personeel uit die aange-wese groepe.

Sulke leierskap is ook nou nodig in die hantering van ons koshuislewe. Dit is deel van ons vordering as universiteit wat trots is op sy innovering, sy uitnemendheid en sy billikheid.

Vandaar die besluit van die Raad van die UV om integrasie in koshuise in te fa-seer. Hierdie besluit herbevestig eintlik 'n beleidsbesluit van tien jaar gelede, naamlik om 'n diversiteitsvlak van 30% in koshuise te bereik. Dit word aanvanklik ingevoer by eerstejaars. In die praktyk beteken dit dat 'n koshuis soos Huis Abraham Fischer, wat 125 lede het en ongeveer 30 eerste-jaars, in 2008 ongeveer tien swart studente moet inneem.

Die beleidsriglyne is 'n gebalanseerde middeweg tussen die verskeie standpunte waarna die bestuur geluister het in die konsultasieproses wat die besluit voorafge-gaan het. Die riglyne balanseer ook die sienings van die verteenwoordigers van vers-keie belangsgroepe wat op die Raad self inspraak het, waaronder die alumni.

Terwyl baie mense sou saamstem met die gedagtes hierbo, is party tog ongemak-lik met bepaalde praktiese aspekte, byvoor-beeld of dit reg is om mense van verskil-lende kulture te "dwing" om in 'n "huis" saam te bly. Daar is deeglik oor hierdie kwessie besin. Die UV se uiteindelike antwoord is dat 'n mens nie 'n koshuis as



ekwivalent aan 'n woonhuis, die private ruimte van 'n individu, kan beskou nie.

Koshuisstudente is wetlik mondige jongmense wat hul ouerhuis verlaat en vrywillig saam met honderde ander studente in 'n verblyffasilitet of "losieshuis" van 'n openbare instelling tydens hul studies gaan bly. Die feit dat daardie fasilitet 'n versorgde omgewing is onder die goeie toesig en beheer van die universiteit, verander nie aan die feit dat dit 'n openbare verblyffasilitet is nie.

Maar die UV se nuwe beleidsriglyne erbiedig wel die onderskeid tussen private en openbare ruimtes deur koshuiskamers as private ruimte te erken. Wat ekwivalent kan wees aan 'n woonhuis is die kamer van 'n student in 'n koshuis. By die keuse van kamermaats sal persoonlike voorkeure dus die deurslag gee.

In elk geval moes studente in die huidige koshuisbedeling ook saam met medestudente bly wie se gedrag of gewoontes hulle aanstoot kon gee – sonder dat hul enige keuse gehad het. (Eintlik is daar ook nie eers veel van 'n keuse as dit kom by kamermaats in die eerste jaar nie. Die plasing word gewoonlik deur die koshuis gedoeno.)

In die huidige opset is daar dus beslisste elemente van beperkte "vryheid van assosiasie" en beperkte keusevryheid. In 'n openbare blyplek kan dit nie juis anders nie.

Drie jaar gelede het die UV sy honderdste bestaansjaar gevier. In daardie honderd jaar het die UV van ses studente tot die huidige 25 000 gegroei. Die akademiese programme wat aangebied word het verander, koshuistradisies het verander, die

Die Koshuisbeleid het ten doel om studente voor te berei vir lewe daar buite.

status van vrouestudente en vrouepersoneellede het verander, tegnologie het verander, die rassesamestelling van die studente- en personeelkorps het verander, en die taalbeleid het telkemale verander (van die oorspronklike Engels tot dubbelmedium tot Afrikaans tot die huidige parallelmedium).

'n Universiteit se gedaante bly dus nooit dieselfde nie. Wat ons in 2004 gevier het was die goeie uit die verlede, maar ook die voordele van verandering en die afwagting van die toekoms. Ook in koshuise en hul tradisies is daar mooi dinge wat behou moet word, maar ook vernederende en onsmaaklike praktyke wat gerus maar kan verdwyn sodat nuwe tradisies ontwikkel kan word.

Vir die toekoms van hierdie land met al sy diversiteit is dit noodsaaklik dat swart studente en swart jong leiers leer om wit stu-

dente en wit jong leiers te sien as bates en vennote waarmee die land se uitdagings gepak kan word. Terselfdertyd moet wit studente leer om swart studente en swart jong leiers te sien as vennote waarmee hulle saam die toekoms kan ingaan. Netwerke en byvoorbeeld toekomstige sakekontakte moet oor rassegrense heen ontwikkel word op 'n basis van wedersydse vertroue en kennis van mekaar – én gedeelde verhale van goeie studentedae en studentinterpret wat saam beleef is.

Die nalatenskap van ons verlede is dat feitlik alle mense in Suid-Afrika, wit, swart of bruin, steeds onvermydelik in rasseterme dink, al is hulle hoe billik of oopkop of verlig of liberaal of "ten gunste van transformasie" of wat ook al. By die jeug is dit dalk minder. Die uitdaging, veral vir ouers en opvoedkundige instellings, is om ons kinders en jongmense – swart sowel as

## FF Plus court case against UFS withdrawn

The University of the Free State (UFS) is pleased to announce that a Supreme Court application to have the racial integration of its student residences set aside has been withdrawn unconditionally by the Freedom Front Plus (FF+). The political party has offered to pay the assessed costs of the UFS.

The Rector and Vice-Chancellor of the UFS, Prof. Frederick Fourie, welcomed this decision by the FF+, saying all energy should now be focused on making a success of this very important nation-building initiative in the student residences. "We have been convinced all the time that we had followed a fair and inclusive consultation process which led to a thorough and well-considered decision by the Council," he said.

The decision to integrate student residences as from January 2008 was approved by the UFS Council on 8 June 2007. This last decision was confirmed by the Council – which is the highest decision making body at the UFS - on 14 September 2007 with an overwhelming majority, with only one vote against.

"There is now no legal obstacle to student participation in the work being

done to implement Council's decision. In fact I want to urge all students in our residences to play an active role in implementing Council's decision," he said.

According to Prof. Fourie much work has been done in preparation for the intake of first-years into the residences in January 2008.

Since the initial decision of 8 June 2007, the Vice-Rector: Student Affairs, Dr Ezekiel Moraka, has been leading a team of staff members and student representatives who are doing work in various sub-task teams.

"One of the main reasons for working in this way through sub-task teams, is to ensure the widest possible participation of the affected students in the implementation of the Council's decision," said Prof. Fourie.

These sub-task teams are working on aspects of residence life in order to make the racial integration of residences as successful as possible. These aspects of residence life include, among others:

- governance structures
- traditions and character of residences
- diversity education and training
- security
- placement and recruitment

"This list is not exhaustive, but merely to illustrate the kinds of areas being looked

into. I would like to encourage all students in residences to make an input into the work of these sub-task teams through the primes, the Student Representative Council (SRC) or through the offices of the Dean or the Deputy Dean of Student Affairs.

"We have already begun to implement an interpreting service at the house meetings of three ladies residences, namely Emily Hobhouse, Rossmaryn and Vergeet-my-nie. From next year this service will be extended to other residences on the Main Campus," said Prof. Fourie.

"In the light of withdrawal of the court case, I am appealing to all students in our residences, to join hands with fellow students and with management in creating a campus of respect and appreciation for all languages, cultures and backgrounds," he said.

"We want our students to assist the UFS in successfully managing the rich diversity on this campus, particularly in its student residences, and in so doing become an example to South Africa of a truly non-racial, multi-cultural and multi-lingual campus, where students are appropriately educated for the workplace," Prof. Fourie said.

wit – na 'n nie-rassige toekoms te lei waar hulle van hierdie bagasie verlos is. Hulle mag nie wees soos ons "grootmense" (my geslag en die ouer geslag) nie, mag nie so beangs wees oor mense wat "anders" is nie. Dan het hulle nie 'n toekoms saam nie.

Dat die oorgang nie maklik gaan wees nie, is 'n feit. Daarom is die bestuur dringend besig om saam met studente ondersteuningsmeganismes te ontwerp om verskeie aspekte van die nuwe bedeling en koshuislewe in die algemeen aan te spreek.

Dit sluit die taalkwessie, sekuriteit, verkose strukture, gedragskodes, ensovoorts in. Ek wil graag aan almal die versekering gee dat ons alles in ons vermoë doen om met groot versigtigheid en omsigtigheid hierdie nuwe bedeling vir ons koshuise te implemente.

Hierin vra ons die samewerking van almal om polarisasie en die voortsetting van kwetsende vooroordele en stereotipes teen te werk.

Wat taal betref, het die UV reeds begin met loodsprojekte om koshuise te ondersteun met byvoorbeeld tolkdienste in huisvergaderings – met goeie gevolge. Dit is deel van die UV se vasbeslotenheid om meerbaarheid en 'n gevoel van huisvoel by al sy studente te probeer vestig binne die konteks van 'n nie-rassige, nie-seksistiese, meerbaarige universiteit van gehalte.

Laat ons dus die begrip van naasteliefde werkliek op die Kowsiekampus uitleef, waar die oorgrote meerderheid swart sowel as wit studente so sterk in die Christelike tradisie staan.

# Campus celebrates 25 years of existence



Staff members, alumni, students, and members of the community celebrated the Qwaqwa Campus's 25 years of existence.

The Qwaqwa Campus of the UFS celebrated 25 years of existence on 14 September 2007. The event was attended by former staff members, alumni, students, current staff and members of the community.

In 1980 the Minister of Education and Training approved the establishment of a university in Qwaqwa with the provision that it will be a branch of an existing black university. The Qwaqwa Government requested the University of the North to be its parent and so Uniqwa was founded.

In 1981 Prof. W. Mödinger was appointed as director and later vice-principal. Classes began in 1982 at the Lere la Tshepe complex built by Anglo American at Poelong. Initially there were 24 academics in four subject groups serving 228 students, with most of the classes given in the evening to accommodate the civil servants and teachers. In April 1982 the Theological College at Lefika became part of Uniqwa.

The Branch was officially constituted on 27 August 1982 at a function in the Phuthaditjhaba Community Hall where the commissioner-general, Mr J.S. Pansegrouw, handed over the deed of establishment to the Chief Minister, Mr Tshiamie Mopeli, and the vice-chancellor of UNIN, Prof. P. C. Mokgokong declared the branch open.

By 1985 the campus had 565 students and a new permanent site was needed. For this, part of the farm Blue Gum Bush of Mr Louis Liddell was expropriated, and Prof. Pothnius Mokgokong presided at the "turning of the sod" ceremony. The new campus with an Administration Building, Lecture-hall complex, library, kitchen and three residences was occupied in January 1988 and the Science Building later in the year. In 1994 two more residences were completed.

Prof. Mödinger retired at the end of 1996, by which time the student enrolment had reached almost 3 000 and Uniqwa had

produced 2 370 graduates and 211 diplomas. In 1997, Prof. Oladipopo Dipeolu was appointed principal. More staff was appointed and departments were restructured into schools; centres of excellence were established; the slogan *The community – we care* was adopted and a business arm, Uniqwa Ventures formed. In April the Rolihlahla Mandela multi-purpose hall was opened by the Deputy President, Mr Thabo Mbeki. In 2003 the branch became the Qwaqwa Campus of the University of the Free State with Prof. Peter Mbatyi as Principal. In 2006 he accepted a new post and Dr Elias Malete was appointed Acting Principal. He became Principal in 2007.

During its 25 years Uniqwa has awarded 5 014 degrees (4 081 undergraduate, 933 postgraduate), and 1 673 diplomas (855 lower, 818 higher). Honorary doctorates were conferred on Dr Adelaide Tambo and Dr Khotso Maphalla.

# Kovsie-spelers skitter op die baan



Van die Kovsie-netbalspelers is, van links: me. Burta de Kock, afrigter van die Kovsiespan, Karin Venter, onderkaptein, Adéle Niemand, verdediger, en Maryka Holtzhausen, doel.

**K**ovsie-netbal het vanjaar die een oorwinning na die ander op die netbalbaan behaal, en nou is drie lede van die span en die afrigter, wat ook die Suid-Afrikaanse afrigter is, in November op pad na die Netbalwêreldbeker in Auckland, Nieu-Seeland.

Die drie Kovsies in Suid-Afrikaanse spanne op pad na Nieu-Seeland is Karin Venter, onderkaptein van die span en verdediger, Adéle Niemand, verdediger, en Maryka Holtzhausen, doel, wat ook die jongste lid van die span is.

Die Kovsie-netbalspelers het 'n bedrywige en baie suksesvolle jaar agter die rug. Op die Suid-Afrikaanse merietetoernooi in Maart het hulle met 'n goue medalje weggestap. Sewe spelers was ook onder die dertig topspelers in Suid-Afrika. Met die Suid-Afrikaanse universiteite-toernooi in Julie het hulle ook 'n goue medalje teruggebring. Intussen was spanlede ook in die Suid-Afrikaanse span wat teen Malawi, Botswana en Uganda op die baan gedraf het.

Charlene Hertzog, Karin Venter, Adéle Niemand en alumnus Martha Mosoahle het ook verlede jaar aan die Statebondspele in Melbourne, deelgeneem. Charlene was die spankaptein.

Burta de Kock, afrigter van die Kovsiespan en ook die Suid-Afrikaanse span, sê die spelers is

ongelooflik toegewy en daar is ook gesonde kompetisie tussen hulle. "Ek is baie trots op hulle," sê sy. Die merietetoernooi teen die Suid-Afrikaanse span het hul staal getoon. Betrokkenheid by die nasionale span wil sy graag gebruik om Kovsie-netbal uit te brei. Burta is benewens afrigter van die Kovsies en die nasionale span ook afrigter van die Vrystaatse Lynx. Sy is ook 'n nasionale A-skeidsregter, lid van die Nasionale Afrigtersvereniging en vise-president van die SASSU-netbalkomitee. Sy was in 2006 afrigter van die Suid-Afrikaanse universiteitespan wat die goue medalje op die FASU (Sportfederasie van Afrika-universiteite)-spele verower het.

Die Kovsie-span bied oral kursusse en klinieke aan, ook op die Qwaqwa-kampus van die UV. Almal is gekwalifiseerde afrigters en skeidsregters. Hulle rig af in die koshuisliga, en so word hoë standarde gehandhaaf. "Ons probeer 'n professionele diens lewer," sê Burta.

Die prestasies van Kovsie-netbal is 'n trekpleister vir netbalspelers. Volgende jaar kry Kovsies verskeie Suid-Afrikaanse netbalspelers. "Hulle kom uit vrye wil vanweë Kovsies se prestasies," sê Burta.

Sy is ook vol waardering vir die ondersteuning wat Kovsie-netbal van bestuur, KovsieSport, Kovsie-gesondheid en Menslike Bewegingskunde kry.

# UV kry mediese museum



Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe het 'n mediese museum tot stand gebring om instrumente en toerusting wat in onbruik geraak het, te bewaar. Die museum in die François Retiefgebou op die Hoofkampus bestaan uit mediese toerusting wat deur medici in die fakulteit gebruik is. Op die openinggeleenthed was, van links: prof. Hendrik de Klerk Grundlingh (voorsitter van die Museumkomitee), prof. Letticia Moja (Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe), prof. Philip Badenhorst (Departement of Hematologie en Selbiologie, wat R1 miljoen vir die totstandkoming van die museum geskenk het) en prof. François Retief (Hoof van die Mediese Geskiedenisklub en lid van die museumkomitee). Die museum is oop vir die publiek op weeksdae van 09:00-16:00.

## Sophia Gray Lecture presented



The 19th Sophia Grey Memorial Lecture of the Department of Architecture was presented by Prof. Jo Noero, an architect known for designing many community-based projects in South Africa. His lecture was titled: *The expedient and the ethical, the everyday and the extraordinary*. The department also presented a mini congress with architects such as Jonathan Jacobson, Henri Comrie and Michiel Cohen as guest speakers. At the lecture were, from the left: Prof. Noero, Nellis Beyers (third-year student in Architecture), Lieze Swart (third-year student in Architecture) and Prof. Jan Smit (Departmental Chairperson of the Department of Architecture).

## Social Work lecturers visit Uganda



Dr. Roelf Reyneke and Dr Sandra Ferreira attended the seventh Pan African Social Work Conference in Kampala, Uganda earlier this year. The conference was organised by the International Federation of Social Workers (IFSW). The IFSW is a global organisation striving for social justice, human rights and social development through the development of social work, best practices and international co-operation between social workers and their professional organisations. The conference theme dealt with the relief of poverty. The titles of Drs Reyneke and Ferreira's papers were respectively: *Using adventure in the fight against poverty: A developmental perspective* and *An eco-spiritual perspective on poverty*.

## Conference held on human trafficking



A conference on national and international perspectives on trafficking in human beings was presented by the Faculty of Law on the Main Campus in Bloemfontein. Topics such as an international perspective and the role of organised crime in trafficking, identifying and assisting victims of trafficking and the role of witness protection in trafficking prosecutions were discussed. At the conference were, from the left, front: Mr Dawood Adams (South African Witness Protection Programme), Ms Judith Mthombeni (Terre Des Homes, Pretoria); back: Ms Beatri Kruger (senior lecturer, Department of Criminal and Medical Law at the UFS), and Ms Susan Kreston (Unit for Children's Rights in the Faculty of Law at the UFS).

## Prof. Magda Fourie verlaat die UV



Prof. Magda Fourie.

Prof. Magda Fourie, Viserektor Akademiese Beplanning, het op 1 Oktober 2007 by die Universiteit van Stellenbosch (US) as Viserektor: Onderrig diens aanvaar. Sy is aangestel in die pos wat prof. Russel Botman, huidige Rektor en Visekanselier van die US, aan die einde van 2006 ontruim het.

Prof. Fourie het in 1998 as hoëronderwysnavorser by die UV diens aanvaar en is later tot Direkteur van die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling (SHOSO) bevorder.

Sy is op 1 Januarie 2004 as Viserektor: Akademiese Beplanning by die UV aangestel en was onder meer verantwoordelik vir strategiese beplanning, akademiese beplanning, regionale samewerking en akademiese ontwikkeling vir studente.

## Absa sken geld



Die Departement Kommunikasie en Inligtingstudies het 'n borgskap van R20 000 van Absa ontvang. Die departement was in September gasheer vir die jaarlikse nasionale konferensie van die Suid-Afrikaanse Kommunikasievereniging (SAKOM). By die oorhandiging van die borgskap was, van links: me. Mercia Coetzee (Lektor aan die departement en organiseerder van die konferensie) en me. Eloise Calitz (Absa).

## Dr Elias Malete heads Qwaqwa Campus



The Council appointed Dr Elias Nyefolo Malete as the Campus Principal of the UFS Qwaqwa Campus for a term of three years. Dr Malete has been acting in that position prior to his appointment.

# Neo-slawerny vier nog hoogty, hoor dosent

**'n** Hoëprofielkonferensie oor tradisionele en neo-slawerny is in Augustus in Ghana aangebied. Dr. Matilda de Beer van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans was een van die vyf beurshouers uit Suid-Afrika wat deel was van die gespreksgroeplede wat deur die vise-president van Ghana, Alhaji Aliu Mahama, en sy ministers ontvang is.

Mahama het die hoop uitgespreek dat globalisering deur middel van tegnologie en die fisiese blootstelling aan ander kulture aanleiding sal gee tot 'n volwaardige renaissance in Afrika. Hy het sy gehoor, wat saamgestel was uit akademici van die hele Afrikakontinent en Amerika asook verskeie ander lande met enkele vrae gelaat: Wil Afrikane voortgaan om te dink dat hulle hulself nie kan help nie? Gaan ons voortdurend bakhand bly wag vir hulp uit die buiteland? En, wou hy weet, gaan afstammelinge van Afrika wat hul tuiste in ander lande gevind het beter vaar as hul eweknieë in Afrika?

Dr. De Beer sê gedurende die konferensie het dit duidelik geword dat die besluit in 1807 om slawerny af te skaf nooit werkelik gerealiseer het nie. Behalwe vir die lang oorgangsperiode om tradisionele slawerny die nek om te draai, word kinders tans op groot skaal verkoop vir onder meer sekstoerisme. Moderne slawerny is 'n internasionale gegeve.

Weens die die post-koloniale sentiment waar koloniseerders met 'n skuldige gewete gelaat is en persone met 'n slaweafkoms gestigmatiseer is, is die realiteit oor slawerny dikwels opsy geskuif. Hierdie stilte het deur die twintigste eeu gegroeи met die hoop dat dekolonisering wêreldwyd eenheid sou bewerkstellig. Die ongelukkige uitkom van hierdie houding is dat neo-slawerny tans gedy.

Dr. De Beer sê 'n nuwe moraliteit is gedurende die konferensie deur woordvoerders uit verskillende lande bepleit waarin slawerny nie op die spits gedryf moet word nie weens die sensitiwiteit daarvan, maar die impak daarvan in 'n satynhandskoon aangebied moet word. In hierdie verband kan die letterkunde ingespan word met die doel om as voorskryfmateriaal aan onderwysinstansies 'n brug te bou tussen die verlede, die hede en die opvoedkunde. So kan 'n nasionale identiteit



Dr. Matilda de Beer van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans staan hier saam met me. Charlotte Baku, een van die organiseerders van die konferensie in Ghana oor slawerny, op die huldigingsperseel van W.E.B. Du Bois, eertydse Panafrikanis en vegter vir menseregte.

gevorm word deur die kollektiewe geheue te stimuleer. Kulturele toerisme kan in hierdie verband internasionaal as 'n bewusmakingsmeganisme dien om gapings in ons geheue te vul en die voorkoming van neo-slawerny, waaronder sekstoerisme waar kinders misbruik word, te bewerkstellig.

## American Ambassador visits the UFS




The American Ambassador to South Africa, Mr Eric Bost, visited the Department of Political Science to have an informal discussion with students and staff. Here are, from the left: Prof. Heidi Hudson (Departmental Chairperson: Department of Political Science), Mr Bost, Prof. Engela Pretorius (Vice-Dean: Faculty of the Humanities) and Ms Keneuoe Lekena (honours student in Political Science).

## Chinese delegation visits UFS



A senior delegation from Changchun Advanced Medical Institute (CAMI) in China visited the UFS to explore possibilities of co-operation, especially in nursing science. Areas of focus will include staff and student exchange, semester abroad programmes, collaborative research projects and capacity building initiatives in English proficiency and various other courses. The possibility for students from CAMI to pursue a post-basic bachelors degree programme at the School of Nursing will also be explored. This will be one of the first formal agreements between the UFS and an institution in China. The agreement will be formalised during a reciprocal visit led by Prof. Letticia Moja (Dean: Faculty of Health Sciences at the UFS) to Changchun. Pictured here are, from the left: Dr Yuan Zhao Xin (International Communication, CAMI), Prof. Anita van der Merwe (Head of the UFS School of Nursing), Prof. Gert van Zyl (Head of the UFS School of Medicine), Prof. Dr Xin Li (Chief Secretary, CAMI), Dr Santie van Vuuren (Head of the School for Allied Health Professions at the UFS), Prof. Moja and Dr Aldo Stroebel (Head of Internationalisation at the UFS).

**Regter Hefer  
president  
van Konvokasie**



Regter Joos Hefer is as President van die Konvokasie verkieës. Die konvokasie bestaan uit alle persone wat 'n kwalifikasie aan die UV behaal het, sowel as 'n bepaalde groep akademiese en steundienspersoneellede. Regter Hefer volg prof. François Retief, 'n oud-Rektor van die UV, op.

# UV, Nederlandse universiteit smee bande



By die tekening van die brief van verstandhouding, was van links, voor: dr. Will Beckering (Adjunkdirekteur: CAH Dronten) en prof. Herman van Schalkwyk; agter: dr. Aldo Stroebel (Hoof Internasionalisering) en prof. Izak Groenewald (Direkteur: Sentrum vir Volhoubare Landbou).

## Dekaan aangestel op nasionale raad

Prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, is vir vier jaar deur die Minister van Landbou, me. Lulu Xingwana, as lid van die Nasionale Landboubemarkingsraad aangewys. Die raad adviseer die minister en die Suid-Afrikaanse landboubedryf oor sake rakende die bemarking van landbouprodukte.

**D**ie UV en die CAH Dronten Professionle Landbou-universiteit in Nederland bou en versterk bande tussen die twee instellings. Die fokus van die samewerking sal aanvanklik by die Departemente Landbou-ekonomiese en Vee-, Wild- en Weidingkunde lê.

Prof. Herman van Schalkwyk, Dekaan van die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe, het Dronten besoek om die moontlikheid en lewensvatbaarheid van 'n formele ooreenkoms tussen die twee instellings te ondersoek. Dit is opgevolg met 'n besoek van dr. Will Beckering aan die UV waar 'n brief van verstandhouding onderteken is wat die weg

sal baan vir die vestiging van 'n memorandum van ooreenkoms en implementeringsooreenkoms.

Albei die instansies deel 'n belang in die opleiding van opkomende boere; die uitvoer van 'n projek vir landbouvaardigheidsontwikkeling, korttermynbesoeke van personeel vir konsultasie en lesings; die formulering en implementering van projekte in kapasiteitontwikkeling om wyer toegang tot professionele opvoeding te verleen; die uitruil van studente in studieprogramme, plasingsprogramme; kurrikulum-ontwikkeling, en meer spesifiek die moontlike ontwikkeling van 'n gesamentlik meestersgraadprogram; asook die moontlike gebruik van e-leer in gesamentlike opvoedkundige programme.

## Zuma delivers lecture



Mr Jacob Zuma, Deputy President of the ANC, presented the annual J.N. Boshoff Memorial Lecture of the Department of Public Management on the Main Campus in Bloemfontein. The lecture was titled: *Reconciliation and Nation-building*. Attending the lecture were, from the left, front: Mr Zuma, Prof. Moses Sindane (Head of the Department of Public Management at the UFS); back: Prof. Tienie Crous (Dean: Faculty of Economic and Management Sciences) and Prof. Magda Fourie (Vice-Rector: Academic Planning).

## Prof. Laubscher chairperson at the NPI



Prof. Kobus Laubscher, Associate Professor at the Department of Agricultural Economics, has been appointed by the Minister of Labour, Mr Memphathisi Mdladlana, as chairperson of the National Productivity Institute's (NPI) Social Plan and Productivity Advisory Council (SPPAC) and the Board of Directors.

## Tienjarige praat met MBA-graduandi en alumni

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) se Bestuurskool het 'n galafunksie vir MBA-graduandi en alumni in Bloemfontein aangebied. Die gasspreker was die tienjarige wenner van vanjaar se ATKV-redenaarskompetisie, Thuli Manunga. Thuli, 'n Graad 4-leerling aan die Laerskool Elarduspark in Pretoria, het die gehoor se harte gesteel met haar toespraak oor ouers van vandag wat te min saam met hulle kinders speel. Sy is vlot in Afrikaans, Engels en Xhosa. Hier is Thuli (regs, voor), by van links, agter: mnr. Pieter du Toit (voorsitter MBA-Alumni), Desmond Schultz (MBA-student), prof. Helena van Zyl (Direkteur: UV-Bestuurskool); voor: Neo Foulo (MBA-student) en Marelize Mittermaier (MBA-student).



# UV-span neem deel aan Sife-wêreldbeker



Die students in die Free Enterprise (SIFE)-span het hul wenaanbieding aan die Rektoraat en Fakulteitskomitee van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied. Die span word deur Harmony Gold geborg. By die aanbieding was, van links, voor: Antonia Gumede, Tracey Mokoena en Katlego Mothidi; agter: Sihle Ndlela, Gordon Rose, Mbulelo Mpofana en prof. Tienie Crous (Dekaan: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe).

**'n** Span studente van die UV het Suid-Afrika in Oktober in Students in Free Enterprise (SIFE) se wêreldbekerkompetisie in New York verteenwoordig nadat die span stof in die oë van deelnemers aan die Suid-Afrikaanse kompetisie geskop het.

Die kompetisie bevorder besigheidsvaardighede en entrepreneurship. Die kompetisie behels dat studente volhoubare gemeenskapsgebaseerde besigheidsmodelle ontwikkel wat volgens entrepreneurship, finansiële geletterdheid, besigheidsetiek, markekonomie en suksesvaardhede geëvalueer word.

Die SIFE-wêreldbeker is van 10 tot 12 Oktober in New York gehou en studentespanne van veertig lande het deelgeneem.

Die UV-inskrywing het die eerste prys in al vyf kategorieë by die nasionale kompetisie van vanjaar gewen. Die span het uit sewe studente en twee fakulteitsraadgewers bestaan, en het 'n diverse groep studente ingesluit wat in velde soos rekeningkunde, sielkunde, sosiale wetenskappe en aktuariële wetenskappe studeer.

Die UV het die nasionale SIFE-kompetisie reeds voorheen vir drie opeenvolgende jare – 2002, 2003 en 2004 – gewen. Hulle het Suid-Afrika in 2002 by die wêreldbeker in Amsterdam, Nederland verteenwoordig, waar hul vierde uit 33 lande geëindig het. In 2003 was hulle in Mainz, Duitsland.

Me. Tessa Ndlovu, koördineerder van Samelewingsdiens in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, skryf die sukses van die span toe aan die UV se beleid oor samelewingsdiensleer wat stu-

dente motiveer om betrokke te raak by akademies gefundeerde projekte wat tot die welstand van die gemeenskap bydra. "Die finansiële, akademiese en emosionele ondersteuning van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, asook die fakulteit se bydrae tot samelewingsdiensleer op die kampus, dra by tot die sukses van die span."

SIFE-spanne gebruik die akademiese jaar om projekte uit te voer wat spesifiek aan die gemeenskap se unieke behoeftes voldoen. Hierdie pogings help ambisieuze entrepreneurs, sukkelende besigheidseienaars, lae-inkomstegesinne en kinders om suksesvol te wees in 'n wêreldmark ekonomie.

Me. Nldovu sê: "Spanne het die ongelooflike voordeel om van besigheidskundiges te leer wat op hul besigheidsadviesrade dien. Hierdie persone versaf nie net mentorskap en leiding aan hulle oor hul projekte nie, maar stel hul ook aan ander leiers in die gemeenskap bekend en verleen aan hul toegang tot hulpbronne wat benodig word."

## Prof. Kroukamp kry toekenning



Prof. Hendri Kroukamp, Programdirekteur van Openbare Sektorbestuur, het op die kongres van die Internasionale Instituut vir Administratiewe Wetenskappe (IIAS) en die Internasionale Vereniging van Skole en Institute van Administrasie (IASIA) wat in Abu Dhabi in die Verenigde Arabiese Emirate aangebied is, 'n toekenning vir sy wetenskaplike bydrae tot die sukses van die kongres ontvang. Prof. Kroukamp is ook as Afrika-verteenwoordiger op die bestuursraad van IASIA herkies. Hy dien ook as voorstander van een van IASIA se werkgroepes wat handel oor "Public administration training and education: aligning missions and quality".

## Ons medelye...



Dr. Z.A. (André) Kachelhoffer



Ms Magriet Maseli Lesabane Moikangoa



Mr Moleleki Motaung

### Dr. Z.A. (André) Kachelhoffer

(46) het die graad Mb.Chb. aan die UOVS behaal en was in Kempton Park en Boksburg 'n oogspesialis. Hy was president van die Suid-Afrikaanse Gloukoomvereniging vir 'n aantal jare. Hy word oorleef deur sy ouers, Joe en Euzita, broer Jaco en kinders Marizza en Jaco.

**Mr Jan Moshou**, who worked at the Department of Physical Resources, has died. A memorial service was held on 4 October 2007 at the Akasia hostel.

**Mnr. Buks Badenhorst**, voorheen adjunkdirekteur in die UV se Departement Menslike Hulpbronne, is in September oorlede. Hy het 'n meestersgraad in Publieke Administrasie gehad.

**Prof. Marius Desipres** (81) is in September op Melkbosstrand oorlede. Hy was tussen 1963 en 1988 aan die Departement Menslike Bewegingskunde verbonde. Hy laat sy vrou, Miemie, kinders en kleinkinders agter.

**Mev. Ina Boshoff** van Centurion is oorlede. Sy het van 1962-1964 B.A. gestudeer en was in Huis Kestell.

### Ms Magriet Maseli Lesabane

**Moikangoa**, Team Leader in the Cleaning Section of the Maintenance Department on the Qwaqwa Campus, passed away after a short illness.

**Dr. J.M. Venter** van Wonderboom-Suid, Pretoria, is vanjaar oorlede. Ons medelye aan sy naasbestaandees.

**Mnr. Abie Koch**, sakeman van Bloemfontein, is aan 'n hartaanval dood. Hy was 'n lid van die Raad van Trustees en die Uitvoerende Bestuur van die Kovsie Alumni Trust.

**Mnr. Jac J (Sharky) Theron** (94), een van die oudste lewende provinsiale rugby-spelers van die destydse Vrystaat en Transvaal is in Johannesburg oorlede. As student het hy die Vrystaatspan in 1932 gehaal.

**Mev. Emmerentia Botha (née Blumenthal)** (64) is dood. Sy het in 1962 haar Musiekdiploma aan die UOVS behaal. Sy word oorleef deur haar dogter en twee kleinseuns, 'n tweeling.

**Mr Shadrack (Raps) Marapo** (55) died after a two week sick bed in the Lifeline Rosepark Hospital. He left behind six children, four boys and two girls and one grandchild. After a long career in the South African Police Force he joined the Department of Protection Services at the UFS. In 2003 he was promoted to assistant manager. He also obtained his BML degree in 2003.

**Mr Moleleki Motaung**, a first-year B.Sc. student, passed away in July. A memorial service was held in Mangaung.

**Mej. Lienkie Wessels** (23) is dood in 'n motorongeluk in Bloemfontein. Sy was besig met haar meestersgraad in psigometrie. Sy laat haar ouers, mnr. Gerrit en dr. Christine Wessels van Boshof, asook twee susters agter.

**Dr. Conrad Saaiman** van Sielkunde op die Vista-kampus is in Junie dood. Hy is vanuit die Hervormde Kerk, Langenhovenpark begrawe.

**Prof. Abel Pienaar** (70) is na 'n kort siekte in Bloemfontein oorlede. Hy het verskeie grade aan die UV verwerf en het in 1975 dosent in die fakulteit opvoedkunde geword en later hoof van die Departement Didaktiek (nou Kurrikulumstudies). Hy word oorleef deur sy vrou Annalien, 'n seun, twee dogters en vier kleinkinders

### Regstelling:

**Mnr Dirk Brink** van die Krugersdorpwildtuin is aan beroerte dood. *Buit* het berig dat hy deur leeus verskeur is.

# UFS Law students best in Africa competition

A team of students from the Faculty of Law won the first prize at the 16th African Human Rights Moot Court Competition held in Senegal in August.

The UFS team consisted of three LL.B. students – Ms Lucy Nthotso, Ms Qaqamba Vellem and Mr Johnny Modipa – and beat teams from numerous South African law faculties as well as from the rest of Africa.

The moot court competition is an event where students from law faculties across Africa argue a hypothetical case on human-rights issues pertinent to the continent. This year's competition dealt with refugee status, nationality, HIV/AIDS and the right to education.

The UFS team also came first in the written memorials category (written substance of the argument of the particular party), beating seventy teams from both the English and French speaking African countries.

To further add to their overall team performance, Ms Vellem and Ms Nthotso were selected amongst the top fifteen students for their oral arguments out of the 140 who took part in the competition. Ms Vellem came tenth and Ms Nthotso eleventh.

Prof. Johan Henning, Dean of the Faculty of Law, said the faculty is extremely proud of this achievement of its students in such a highly regarded competition. "The success shows that the quality of legal education and training we provide here at the UFS, both through the 4- and 5-year LL.B. options are rated among the best in Africa, if not the world."

He said it also showed that the faculty is committed to producing black law graduates of substance who are second to none. The three students were coached by Ms Thapi Matsaneng, a UFS law graduate who is



With the trophies are, from the left: Ms Qaqamba Vellem (fourth-year LL.B. student), Prof. Johan Henning (Dean of the UFS Faculty of Law), Prof. Loot Pretorius (Head of the Department of Constitutional Law and Philosophy of Law), Ms Lucy Nthotso (fourth-year LL.B. student), Ms Thapi Matsaneng (moot coach and lecturer in Corporate Law at the UFS) and Mr Johnny Modipa (third-year LL.B. student).

completing her Ph.D. at the University of London and who was groomed by the UFS as part of its Grow Our Own Timber Programme, aimed at producing black academics.

Prof. Loot Pretorius, Head of the Department of Constitutional Law and Philosophy of Law at the UFS, acted as a consultant to the team. Ms Matsaneng also accompanied the three team members to Senegal.

The panel of judges who determined the winners comprised of the commissioners of the African Commission on Human and Peoples' Rights, a South African Constitutional Court judge as well as other respected members of the legal community.

## Prof. Henning heraangestel

Prof. Johan Henning, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdeheid, is deur die UV-Raad vir 'n verdere termyn van vyf jaar in die pos heraangestel. Prof. Henning is sedert 1974 aan die fakulteit verbonde en is in 1998 as dekaan aangestel. Hy is ook sedert 1991 hoof van die fakulteit se Departement Regsgeskiedenis, Regsvergelyking, en Romeinse Reg.

# Amazing Rainbow Rally 2007 –



Prof. André Venter, Hoof van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid, saam met 2007 se Amazing Rainbow Rally-kampioene, Steyn Strauss en Pieter Skein van Naudés Prokureurs.

**V**anaar se Amazing Rainbow Rally, aangebied deur die UV en OFM, het Bloemfontein behoorlik op hol gehad! Veertien spanne, bestaande uit korporatiewe maatskappye, universiteitspersoneel en selfs 'n ster of twee, het vinnig klaar gespeel met die take wat by elke besoekpunt uitgevoer moes word.

Die druk was hoog en teen die einde was Sanlam, Fresenius-Kabi en Naudés Prokureurs op mekaar se hakke. Die span van Naudés Prokureurs, Pieter Skein en Steyn Strauss, het egter net-net vir Fresenius-Kabi se Carlien Klynsmith en Annelien van der Merwe gewen. Sanlam se Justin Perfect en Stuart Leech was in die derde plek.

Die Coca-Cola Celebrity-span, met Egoli-akteur Ebi Halberstadt en 2007 se UV-Joolkoningin en SR-president,

Lorraine Kriek, het nou wel nie onder die top-drie geëindig nie, maar het vir groot opwinding by al die besoekpunte gesorg! OFM se Christie Hansen het die spanne voor die kompetisie in die regte luim gebring, terwyl Karien Jordaan en Dean Ririe die spanne op hulle roete gevolg het.

Die geleentheid, wat ten bate van die Departement Pediatrie en Kindergesondheid aangebied word, was weer 'n groot sukses danksy die ondersteuning van OFM, asook die entoesiasme van die deelnemers. 'n Bedrag van net meer as R55 000 is vir die departement ingesamel en sal aangewend word om toerusting aan te skaf, wat gebruik word in die behandeling van babas en kinders met ernstige siektes, soos kanker en hartsiektes.

# 'n wegholsukses



By die eerste besoekpunt moes een spanlid die ander soos 'n Cheetah laat lyk. Eric Weirich en Stephan van Pletzen van PricewaterhouseCoopers is hard aan die werk!



Lavina Liebenberg en Elicus Marais van ABSA Bank maak reg om af te gly by die 10m-glybaan by die Kovsie-Alumni Trust-punt, wat ook die eerste "Detour" ooit in die Amazing Rainbow Rally was.



Die Coca-Cola Celebrity-span, Ebi Halberstadt en Loraine Kriek, probeer kophou met die laaste taak.

## Die spanne was:

ABSA Bank  
Ampath  
Aucor  
Coca-Cola Celebrity-span  
Departement Pediatrie (twee spanne)  
Fresenius-Kabi  
Naudés Prokureurs  
PricewaterhouseCoopers  
Sanlam  
Universiteit van die Vrystaat  
Vodacom (twee spanne)

## Die besoekpunte was:

BMW Sovereign  
Checkers Hyper  
Coca-Cola Fortune  
Eskom  
Interstate Bus Lines  
Kovsie-Alumni Trust  
Mimosa Mall  
OFM  
Pathcare  
Premier Protea Hotel Bloemfontein  
Tafelronde 25 – Bloemfontein  
Windmill Casino & Entertainment Centre

## Die borge was:

OFM  
Windmill Casino & Entertainment Centre  
Premier Protea Hotel Bloemfontein  
Coca-Cola Fortune  
SABMiller  
UV-Bemarking  
Budget Car Rental  
Pathcare  
Wimpy

# Building closer relationships with the corporate sector

UFS once again  
arranged for  
distinguished  
corporate  
representatives  
to visit the  
campus



The Rector and Vice-Chancellor, Prof. Frederick Fourie, with Mr Sipho Dube, entrepreneur from Bloemfontein, Mr Andrew Scholtz, Director of Vistapark Developers, and Dr Ezekiel Moraka, Vice-Rector: Student Affairs.

The UFS once again arranged for distinguished corporate representatives to visit the campus and engage with the top management early in August this year. In addition to a number of guests from Johannesburg, there were also prominent business leaders from Bloemfontein, Kimberley and even as far as Cape Town.

This was another in a series of corporate visits whereby the UFS seeks to introduce itself to the corporate and private sector as a possible development partner. These visits also aim to change perceptions some individuals might have of the UFS and to showcase the many strengths and positive features that distinguishes the UFS from its competitors. Guests visited the Research Institute for Education Planning, the Unit for Students with Disabilities, the Centre for Business Dynamics, the Centre for Development Support and the Boyden Observatory.



Enjoying the view from the top at Boyden were, from the left: Ms Lerato Motaung (Group CSI co-ordinator at Murray & Roberts), Dr Mathume Bopape (Executive Director of the Maths Foundation), Ms Reabetsoe Motsepe (CEO of the Nedbank Foundation), Mr Sipho Dube (entrepreneur from Bloemfontein), Ms Mabee Mdlalose (co-ordinator of the Upstream Training Trust) and Ms Corinthia Ndatsa (Portfolio Manager: Education at the Nedbank Foundation).

# Studente kry beurse



By die oorhandiging van die beurse was, van links: prof. Steve Niemann (Hoof: Skool vir Opvoedkunde aan die UV), Kaizer Mosupeng (eerstejaarstudent in Opvoedkunde), prof. Frederick Fourie (Rektor en Visekanselier van die UV), mnr. Enver Surty (Adjunkminister van Onderwys), Danielle Nel (derdejaarstudent in Opvoedkunde) en mnr. Tebogo Lioma (Adjunkdirekteur-Generaal van die Departement van Onderwys in die Vrystaat).

**D**ie Departement van Onderwys het 180 Fundza Lushaka-beurse aan studente in opvoedkunde aan die UV toegeken. Die beurse is deur die Adjunkminister van Onderwys, mnr. Enver Surty, oorhandig.

Die Fundza Lushaka-beursprogram bevorder onderwys in openbare skole. Die beurse van R40 000 elk stel studente in staat om 'n volledige onderwykskwalifikasie in 'n area van nasionale prioriteit te verwerf. Die beursontvangers moet skoolhou of by 'n provinsiale onderwysdepartement werk vir dieselfde aantal jare as wat die beurs toegeken is.

Mnr. Surty het aan die studente gesê dat die vaardighede waaroor onderwysers deesdae moet beskik heelwat anders is as in die verlede. "Julle gaan onderrig gee in 'n omgewing met gemengde tale en kulture en sal moet kan aanpas om by te dra tot 'n multikulturele, meertalige en diverse Suid-Afrikaanse samelewing."

Die nasionale prioriteitsareas sluit onder meer Afrika-tale, Engels, Wiskunde, Natuurwetenskappe en Inligting- en Rekenaartegnologie in. Hoewel die beursprogram nierassig is, is spesiale aandag aan die toekenning van beurse aan vroue gegee. Aan die UV is 58% van die beurshouers vroue, terwyl 58% swart en 42% wit studente is.

## Jhb office celebrates women in business



The Corporate Liaison Office in Johannesburg recognised women in business at a special lunch in August 2007. Invited guests were treated to a delicious lunch and speeches by Prof. Magda Fourie, Vice-rector of Academic Planning, and dr. Riaan Els, CEO of the Fuchs Foundation in Johannesburg. Some of the guests at the function were, from the left: Prof. Fourie, Mrs Cathy Castagno, Development Director in the Johannesburg Corporate Liaison Office, and Prof. Helena van Zyl, Director of the School of Management at the UFS.

## Landboustudentevereniging kry borgskap



Die UV se Landboustudentevereniging het 'n borgskap van PPS ontvang vir die opgradering van die vereniging se fasilitete op die Hoofkampus in Bloemfontein. Die opgradering sluit onder meer in die installering van 'n plasmaskerm in die Landbou-gebou en die bou van 'n lapa in die binnehof van die gebou. By die oorhandiging van die borgskap was, van links: mnre. Jannie Myburgh (voorsitter van die Landboustudentevereniging vir 2006/07), Dirkie Strydom (voorsitter van die Landboustudentevereniging vir 2005/06), Barry Pretorius (van PPS), Stefen Shultz (van PPS) en mnr. Pieter Taljaard (lektor in die Departement Landbou-ekonomiese).

- PPS ken ook beurse tot R30 000 per student per jaar toe. Meer besonderhede en aansoekvorms is beskikbaar by [www.pps.co.za](http://www.pps.co.za).

## KEV byeen in Somerset-Wes



Die Kovsie Erflyatingsvereniging het 'n funksie in Somerset-Wes aangebied. Verskeie oud-personeel en alumni was gaste van die UV. Die funksie is onder andere bygewoon deur die kanselier, dr. Franklin Sonn, en die Rektor en Vise-kanselier, prof. Frederick Fourie. Die oudste persoon teenwoordig was prof. Stoffel van Wyk (87 jaar) en sy gade mev. Hetsie van Wyk. Die gasspreker tydens die geleentheid was mnr. Hannes Louw, Direkteur van PricewaterhouseCoopers in Stellenbosch. Hier is van links Prof. Nico du Plessis (Voorsitter van die KEV), mev. Wilna Stassen en dr. Louis Stassen.

## Nagraadse

**N**agraadse studies wat onlangs aan die Departement Musiek aan die UV voltooi is, het uitgeloop in vier publikasies wat binnekort in geakkrediteerde (subsidiedraende) akademiese tydskrifte verskyn, terwyl 'n vyfde artikel reeds vroeër vanjaar in 'n oorsese aanlyn joernaal vir die kunste gepubliseer is. Volgens prof. Martina Viljoen, Programdirekteur in die Departement Musiek aan die UV, is hierdie prestasie uitsonderlik omdat dit nog nie vantevore deur 'n ander tersiêre musiekinstelling in Suid-Afrika geëwenaar is nie. Gedurende 2005 het dié departement ook geskiedenis gemaak toe dit die eerste akademiese musiekinstansie in Suid-Afrika was wat kongresverrigtinge internasionaal as 'n subsidiedraende bundel gepubliseer het.

Me. Hanna van Schalkwyk, 'n senior sangdosent aan die UV, se navorsing oor die sangpedagoog Sarie Lamprecht (1923-2005) verskyn in 'n voortkomende uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. Me. van Schalkwyk ondersoek Lamprecht se unieke, soms onontodokse sangfilosofie en metode, terwyl haar gesigspunte gevalueer word aan die hand van ander gesaghebbende pedagogiese benaderings. Die studie dokumenteer onderhoude wat oor meer as twee jaar heen met Lamprecht gevoer is, asook gesprekke met van haar mees prominente studente.

"Me. Ronella Jansen van Rensburg, deeltydse musiekdosent aan die UV en stigter van die Sentraal-Kultuurakademie, se studie oor die verband tussen emosionele intelligensie en musikale uitvoeringsangs word as twee opeenvolgende artikels in die tydskrif *Musicus* geplaas. Die eerste artikel stel 'n raamwerk voor waardeur 'n teoretiesering van die twee konstrukte moontlik gemaak word, terwyl die tweede 'n empiriese ondersoek behels wat die korrelaat tussen die konstrukte ondersoek. Hiervoor is Spielberger se State-Trait Anxiety Inventory (STAI) en die Bar-On Emotional Intelligence Inventory: Youth

## Qwaqwa Campus holds alumni indaba



An alumni indaba was held on the Qwaqwa Campus at the request of former graduates who had attended an alumni reunion. The indaba was attended by former graduates of the University of the North and the UFS Qwaqwa Campus as well as by current staff and students. The Qwaqwa Campus alumni branch was officially launched and a committee to represent alumni was elected. At the alumni Indaba were Ms Nsutle Mafisa, Department of Classical Languages, and Mrs Puleng Mazibuko, Department of Public Administration.

# musiekstudies gepubliseer



Die nagraadse UV-musiekstudente is, van links: mee: Ronella Jansen van Rensburg, Hanna van Schalkwyk, Elene Coetzer en Lizabé Lambrechts.

Version (Bar-On EQ-i:YV) as meetinstrumente gebruik,” sê prof. Viljoen.

’n Kwalitatiewe ondersoek na die Mangaung String Programme is die tema van me. Elene Coetzer, ’n deeltydse dosent aan die UV, se artikel in *Journal of the Musical Arts in Africa*. Prof. Viljoen sê: “Hierdie artikel beklemtoon die sosiale waarde van die opleidingsprogram, en dokumenteer response van leerders, ouers, en onderwysers wat by die projek betrokke is.”

Me. Lizabé Lambrechts, tans ’n Meestersgraadstudent aan die Departement Musiek, se studie oor die kontroversiële skok-rock ikoon Marilyn Manson belig die ambigueuse en dubbelslagtige

identiteit van die sanger, en is as ’n vol lengte monografie geplaas in die eerste uitgawe van die oorsese aanlyn joernaal *noncejournal*. Volgens prof. Viljoen dien die studie as ’n model-analise vir opvoedkundige werk wat fokus op populêre kultuur as ’n didaktiese instrument. In hierdie oopsig word Manson se musiek, wat dikwels as bloot vulgêr of steurend afgemaak word, belig as aggressiewe sosiale kommentaar.

Prof. Viljoen was die studieleier van mee. Van Schalkwyk, Coetzer en Lambrechts. Me. Jansen van Rensburg se studie is ook onder haar leiding onderneem, met dr. Adelene Grobler as medepromotor. Sy is van 2007 aangestel as die direkteur EPOG aan die UV.

# Sport het groot bemarkingskrag



**D**aar bestaan min twyfel dat sport seker deesdae die mees bemarkbare kommoditeit in die wêreld is. (Dis 'n mooi sin vir 'n ou wat B.A. geswot het nê!) Of dit nou reg of verkeerd is en my ou moeder my gereeld waarsku dat ons manne van rugby en sommer sport in die algemeen, 'n afgod maak, staan dit soos 'n paal bo water dat dit die sporthelde is wat vandag die karre, horlosies, versekering, eiendomme, lekkerruikgoetertjies en universiteite verkoop.

Die eerste bekende ou waarvan ek gehoor het wat op Kovsies geswot het, was nie pres. C.R. Swart of dr. Nic Diedericks nie. Nee, dit was die nimlike Joggie Jansen, seker Kovsies se grootste sportstêr ooit. Trouens, ou Jan Spoedwal Venter het my en my Rooms in Pretoria kom oortuig om nie net Kovsies toe te kom nie, maar spesifiek Reitz-kamerwonings toe omdat dit Joggie se slaapplek was.

Vandag is daar mense wat dink sport as trekpleister vir voornemende studente is nie meer so 'n groot faktor nie, maar glo my, dit is. Vra maar vir enige oud-Kovsie of hy graag wil hoor dat ons teen die Thlukke (die Pukke se nuwe naam nadat Potchefstroom Thlokwe geword het) op die rugbyveld verloor het! Dis nou éers sleg! Vir 18 jaar kon hulle ons nooit wen nie, maar die wiel het gedraai en al wat gaan

help is as die UV se rugbybase saam met die Vrystaat Cheetahs se ringkoppe, daai koppe bymekaarsit en die wa weer in die regte rigting draai. Net wen en nogmaals wen is vir ons oudstudente goed genoeg.

Kan jy jou dit vir een oomblik voorstel wat die telling sal wees as ons die Thlukke net 'n slag met 'n volsterkte span van huide en voormalige Shimlas kan takel? Hulle kan maar drie geslagte teruggaan en dan kyk of hulle die "score" onder 'n honderd sal hou teen die volgende Shimla-span: CJ van der Linde, Bismarck en Jannie du Plessis, Heinrich Brussouw, Boela du Plooy, Flip van der Merwe (Jnr), Juan Smith, Hendro Scholtz, Michael Claassens, Ruan Pienaar, Tonderai Chivanga, Barry Goodes, Meyer Bosman, Philip Burger en Andre Joubert. (Ja, ek weet Juba speel nie meer nie, maar ek sal hom in-“chat”!)

O ja, en die reserves: Gurthro Steenkamp, Danie (Tokkelos) Coetzee, Ollie le Roux (as agterspeler), Wouter Moore, Andries Strauss en De Wet Ras (hy hoef net te skop). As afrigter kies ek vir Naka met Rassie as bagasiemeester, Oom Sakkie en Nelie as spanbestuurders en Leon Schuster en Daan Smuts as rasieleiers. En as julle wil, kies ek sommer nog 'n span wat die Thlukke ook met 'n honderd sal wen! Maar nou ja mense, ons leef nie saam met Alice in Wonderland nie, so ons moet op die veld speel en nie op papier nie!

Op 3 November het ons ook die voorreg om as deel van die Kovsie Alumni Trust se tienjarige bestaansfees, skouers te kan skuur met die Kovsiehelde van weleer. Manne soos Joggie, Nelie, Oom Sakkie, Theuns Stofberg, Edrich Krantz, Eben Jansen, Gerrie Sonnekus, Annette Bekker en vele ander. En laat ons ook onthou watter rol die Trust speel om belowende sportsterre vir Kovsies te werf en te behou. In my

omswerwinge en sendingwerk vir die Trust het ek by letterlik duisende oud-Kovsies uitgekom waaronder ook van ons grootste sportsterre. En so het ek my eie Kovsie Alumni Trust-span opgestel wat bestaan uit manne wat donateurs is van die goeie saak. Daai span lyk so (jammer dames as ek julle verveel!): CJ van der Linde, Naka Drotse, Jannie du Plessis, Theo Oosthuizen, Braam Els, Klippies Kritzinger, Rassie Erasmus, Juan Smith, Michael Claassens, De Wet Ras, Chris Badenhorst, Jan Schlebusch, Dirk Froneman, Edrich Krantz en Petri de Villiers. Afrigter Nelie Smith en spanbestuurder Gustav Pansegrouw. Ag my liewe aarde!

## Blou Willem publiseer eerste boek

*Blouwillemstories*, 'n bundel rubrike van Blou Willem Theron wat oor die jare in die koerante van Media 24 verskyn het, is pas gepubliseer. Dit bevat 'n keur uit sy humoristiese vertellinge elke week.

Die boek is bekombaar by Exclusive Books, Fascination Books landswyd en direk van Protea Boekhuis in Pretoria (die uitgewers). Protea versend ook boeke, selfs internasionaal. Indien probleme ondervind word, kan Willem direk gekontak word by 082 376 4216.

# Donateurs

## Goue donateurs

949. Ds Deon Strauss, Predikant, Rustenburg  
1112. Dr Cornelius Duvenhage, Internis, Clubview  
1113. Mej Leanne Maartens, Menslike Hulpbronbeampte, Centurion  
1114. Mnr Wilhelm de Beer, Ph.D.-student, Hatfield  
1115. Dr Martin Coetzee, Navorsingsgenoot, Hatfield  
1116. Adv Rina Erasmus, Regsadviseur, Richardsbaai
1117. Mnr Igno van Niekerk, Opleidingsbestuurder, Bloemfontein  
1118. Mev René Alberts, Fisioterapeut, Middelburg  
1119. Me Magriet vd Nest, Ph.D.-student, Pretoria  
1120. Dr Emma Steenkamp, Sr Lektor: UP, Pretoria  
1121. Dr Carla Els, Kliniese Assistent, Monument park  
1122. Mnr Tommy Ferreira, Hoof, Linden  
1123. Mev Marieta Smit, Dietekundige, Proteapark
1124. Dr Thinus Smit, Mediese dokter, Pretoria  
1125. Mnr Faan Potgieter, Kampushoof, George  
1126. Mnr Etienne Maré, Prokureur, Phalaborwa  
1127. Me Elbie Beukes, Lektrise, Waterkloofrif  
1128. Adv Hansie Engelbrecht, Advokaat, Johannesburg  
1129. Mnr Pieter Albertyn, Bourekenaar, Pretoria  
1130. Mnr Jan Putter, Bourekenaar, Sasolburg  
1131. Mnr Kobus Botes, Argitek, Johannesburg

## Prestige-donateurs

2125. Mnr Johan Minnie, Strateeg, Pretoria  
2126. Mnr Oeloff Badenhorst, Finansiële bestuurder, George  
2174. Dr Clarice van Vreden, Mediese dokter, Pretoria  
2175. Dr Johnny O'Neil, Bedryfsielkundige, Gezina  
2176. Mnr Jorrie Kruger, Verkoopsbestuurder, Bloemfontein  
2177. Dr Johan Muller, Oogspesialis, Musgrave  
2178. Mnr Johan du Plessis, Prokureur, Hoopstad  
2179. Mnr André de Jager, Ouditeur, Bloemfontein  
2180. Mnr Jan vd Merwe, Kontrakteur, Meerensee  
2181. Mnr Francois van Aarde, Direkteur, Waterkloof  
2182. Mnr Lou Zietsman, Argitek, Durban Noord  
2183. Mnr Dieter Terblanche, Verteenwoordiger, Reitz  
2184. Mnr Gert Saaiman, Boer, Kroonpark  
2185. Mev Hanli Roos, Sakervrou, Nelspruit  
2186. Mnr Jan Fourie, Finansiële Adviseur, Brandhof  
2187. Mnr Marius du Preez, Bourekenaar, Alberton  
2188. Mnr Francois Doman, Bedryfsielkundige, Moreleta Plaza  
2189. Mnr Etienne Bruwer, Argitek, Durban-Noord  
2190. Mnr Attie Bosman, Ouditeur, Menlopark  
2191. Mnr George Kairinos, Prokureur, Benmore  
2192. Dr Herman van Rooyen, Mediese dokter, Grootbrakrivier
2193. Dr Johan Vorster, Mediese dokter, Worcester  
2194. Dr Chris van Veijeren, Mediese dokter, Bloemfontein  
2195. Me Annette de Kock, Verpleging, Centurion  
2196. Mnr Sean Frankim, Prokureur, Menlopark  
2197. Mnr Willem Grobler, Landbou-ekonom  
2198. Dr Anita Groenewald, Mediese dokter, Highveld  
2199. Mnr Otto Krause, Prokureur, Johannesburg  
2200. Dr Andries Swart, Narkotiseur, Krugersdorp  
2201. Mnr Carl van Aswegen, Eiendomsontwikkelaar  
2202. Me Carmen Botha, Geoktooierde rekenmeester, Midrand  
2203. Mnr Burnan Barnard, Infrastruktuurspesialis, Highveld  
2204. Dr De Jager Booysen, Pediatre, Sinoville  
2205. Mnr Johan Ferreira, Operasiesbestuurder, Rustenburg  
2206. Me Annemarie Fischer, Verpleegkundige, Pretoria  
2207. Mnr Ian Gildenhuys, Bourekenaar, Johannesburg  
2208. Mnr Christiaan Hattingh, Bankier, Cresta  
2209. Dr Fanie Hattingh, Hoof- Mediese Beampte, Halfway House  
2210. Mnr Guss Louw, Boer, Utrecht  
2211. Mnr Kernels Meyer, Prokureur, Mosselbaai  
2212. Mnr Kevin Pietersen, Prokureur, Johannesburg
2213. Mnr Fritz Relling, Bourekenaar, Randburg  
2214. Mnr Wilber Rudman, Konsultant, Tzaneen  
2215. Mnr Jan Schoeman, Prokureur, Linden  
2216. Mnr Nico Stofberg, Registrateur, Pretoria  
2217. Mnr Henk vd Post, Prokureur, Bloemfontein  
2218. Mnr Willie van Niekerk, Bourekenaar, Johannesburg  
2219. Me René Venter, Landdrots, Letsitele  
2220. Mnr Johan Erwee, Finansiële Adviseur, Pretoria  
2221. Mev Elma Theron, Argitek, Pretoria  
2222. Mnr Charl Botha, Sakeman, Sasolburg  
2223. Dr Adriaan Beukes, Mediese dokter, Sunwardpark  
2224. Mev Esté vd Walt, Versekering, Garsfontein  
2225. Mnr Hennie Oosthuizen, Besturende direkteur, Faerie Glen  
2226. Mnr Philip Minnaar, Direkteur, Pretoria  
2227. Mnr Dan Steytler, Inspekteur v Onderwys, Sasolburg  
2228. Mnr Curt Schnitter, Argitek, Pretoria  
2229. Mnr Andre Vermeulen, Sakeman, Oudtshoorn  
2230. Mnr Valter Neumann, Argitek, Groenkloof  
2231. Mnr Lood Lodewyks, Verkope en Bemarking, Kempton Park  
2232. Mnr Kurt Lange, Rekenmeester, Centurion  
2233. Mnr Villiers Joubert, Ingenieur, Pretoria

## Platinum-donateurs

13. Mnr Nico Walters, Uitvoerende bestuurder, Johannesburg  
292. Mnr Neil Powell, Rugbyspeler, Bloemfontein  
293. Mnr Deon Schäup, Prokureur, Pietermaritzburg  
294. Mnr Gerrit Nel, Restaurateur, Weltevredenpark  
295. Mnr Bert Griesel, Besturende direkteur, Centurion  
296. Dr Dirk Pretorius, Kardioloog, Umhlanga Rocks  
297. Mnr Philip de Wet, Bourekenaar, Johannesburg  
298. Mnr Pieter Skein, Prokureur, Bloemfontein
299. Mnr Charles van Rensburg, Bestuurder, Wierda Park  
300. Mnr Anton Marx, Finansiële bestuurder, Australië  
301. Mnr Paul Aucamp, Besturende direkteur, Middelburg  
302. Mnr Kosie Venter, Sakeman, Bloemfontein  
303. Dr Marlene van Dyk, Mediese dokter, Rustenburg  
304. Mnr Nico Uys, Sakeman, Phalaborwa  
305. Dr Lakin Papavarnavas, Sakeman, Jukkleipark  
306. Mnr Theo Oosthuizen, Makelaar, Bloemfontein  
307. Mnr André Olivier, Sakeman, Bloemfontein
308. Mnr Anton Maré, Prokureur, Phalaborwa  
309. Mnr Nico Marais, Prokureur, Mosselbaai  
310. Dr Werner Kapp, Mediese dokter, Riversdal  
311. Mnr Machiel Bosch, Finansiële dienste, Pretoria  
312. Mnr Albie Aucamp, Hoof: Direkte Bemarking, Pinegowrie  
313. Mnr Niel Smith, Bourekenaar, Weltevredenpark  
314. Mnr Danie Steyn, Rekenmeester, Somerset-Wes  
315. Mnr Etienne Fourie, Sakeman, Pretoria  
316. Mnr Coenraad Jonker, Direkteur, Pretoria

## Diamant-donateurs

71. Dr Frans Roodt, Mediese dokter, Richardsbaai  
72. Mnr Wilhelm Combrinck, Argitek, Centurion  
73. Mnr Rehann Calitz, Sakeman, Irene



Permit Mail

SOUTH AFRICA

P 4012204

E-mail reply: [alumni@mail.uovs.ac.za](mailto:alumni@mail.uovs.ac.za)

Return address: Dawid Kriel, P O Box 2319, Bloemfontein 9300

# 1904

Universiteit van die Vrystaat

University of the Free State

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT • UNIVERSITY OF THE FREE STATE • YUNIVESITHI YA FREISTATA

